

DIE N.G. PASTORIE TULBAGH, 1769-1969

Aan die begin van die veertigerjare van die agtiende eeu was die veeboerpionier reeds oor uitgestrekte gebiede van die Kaapkolonie versprei. Die regering in Kaapstad het ook nie méér aandag aan hierdie verspreiding geskenk as wat die gewone bestuurlike roetine vereis het nie. Allermens is teen hierdie tyd van owerheidsweë van die ontberinge van dié binnelandse koloniste ten opsigte van veral kerklike en bestuursgeriewe besondere kennis geneem.

Toe goewerneur-generaal Van Imhoff as Kommissaris in 1743 die Kaap besoek het, was hy egter besorgd oor die uitgestrektheid van die kolonie en die afgesonderdheid van baie groepe veeboere. Volgens hom was daar reeds koloniste wat "120 ure landwaarts in" gewoon het. Gevolglik het hy opdrag gegee dat twee nuwe plattelandse gemeentes gestig moes word.¹

Tydens die sitting van 13 Februarie 1743 het die Politieke Raad besluit dat die twee nuwe kerkgeboue in die Swartland en "tussen het Roode Zand en de Vier en twintig Rivieren by de Klein Bergrivier" onderskeidelik opgerig sou word. Op 18 November van dieselfde jaar het die landdros en heemrade van Stellenbosch bepaal dat die kerk in Waveren op die plaas van weduwee Pieter van der Westhuizen gebou moes word.²

Reeds in 1743 is in die Land van Waveren met die bou van die kerk sowel as 'n pastorie begin. Die eerste predikant, ds. Arnoldus Mauritius Meiring, het op 16 September van genoemde jaar die eerste diens gehou.³ Aan die pas gestigte gemeente het die kerkraad van Kaapstad 'n bedrag van 8 000 riksdalders, dit wil sê ongeveer R3 200, vir die oprigting van die kerkgebou en die pastorie geleen.⁴ Benewens hierdie lening moes die lidmate self bydraes lewer in die vorm van kollektes. Vyf jaar later was albei geboue opgerig.⁵

Vir die volgende sewentien jaar het die pastorie in die behoefte van die gemeente voorsien. Tog was dit nie 'n besonder stewige konstruksie nie en periodieke herstelwerk was nodig. Reeds aan die begin van die sestigerjare het die toestand ernstige aandag vereis. Met die nodige verbeteringe is die gebou tog nog vir enkele jare in stand gehou. Teen de einde van 1764 het dit egter geblyk dat die pastorie "thans dermaten bouvallig en slegt gesteld quam te zijn" dat enige herstelwerk

-
1. A. J. H. van der Walt en ander: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 93-94.
 2. A. J. Boeseken: *Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap*, pp. 48, voetnoot. Argiefjaarboek, 1944.
 3. C. Spoelstra: *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerden Kerken in Zuid-Afrika*, deel I, Kaapse Kerkraad-Klassis Amsterdam, 23 Augustus 1743, p. 200.
P. S. du Toit: *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795*, p.163. In hierdie opsig tas dr. A. Boeseken mis. Volgens haar was Rutger A. Weerman die eerste predikant in die Land van Waveren. Weerman is egter as die eerste leraar van die gemeente van Swartland aangestel. Vgl.: *Die Nederlandse Kommissarisse . . .*, p.48, voetnoot 72; Du Toit: *Onderwys aan die Kaap . . .*, p.165, voetnoot 40.
 4. Tulbagh 1/1: Notule van die Kerkraad, 1743-1771, p.15.
 5. Tulbagh 1/1: Notule van die Kerkraad, 1743-771, p.8.

onmoontlik en nie raadsaam was nie. Die kerkraad het dus besluit dat ds. Harders persoonlik die nood van hulle gemeente by die Kaapse regering aanhangig moes maak.

Op Dinsdag, 19 Februarie 1765 het die leraar van Waveren voor die Politieke Raad verskyn om toestemming te vra vir die bou van 'n nuwe pastorie. Verder het hy die versoek gerig dat die benodigde houtvoorrade teen "inkoops prijs" aan die gemeente voorsien moes word. In die lig van die feite is aan albei hierdie versoeke voldoen. Verder is die Kaapse kerkraad gemagtig om, indien die Waverense gemeente geld sou kortkom, dit "sonder intresse" aan hulle te mag leen.⁶ Van hierdie vergunning is gebruik gemaak deurdat die diakonie van Waveren 13 600 gulden (ongeveer R1 800) van hulle ampgenote aangevra het sodat daar dadelik met die werk begin kon word.⁷

Gedurende die volgende drie jaar moes telkens by die Kaapse kerkraad om geldelike hulp aangeklop word. Aan hierdie versoeke is steeds voldoen, maar die finansies het 'n knaende probleem gebly. By die voltooiing van die pastorie aan die begin van 1769 het die plaaslike kerkraad "tegen onze verwagting, en ook waarlik tot onze smerte" bevind dat daar 'n gebrek aan fondse was. In Januarie was hulle dus verplig om nog minstens 1 000 riksdalders (ongeveer R400) van die Kaapse kerkraad te leen.⁸ Hierdie geldelike bystand was altyd gulhartig, maar aan die diakonie van Waveren is hulle verpligting steeds duidelik voor oë gehou. So is in April 1769 die kerkraadslede Jacobus Theron en Gerrit Meijer na Kaapstad afgevaardig om voor lede van die Raad van Justisie 'n skuldbewys namens die Waverense kerkraad vir die geleende bedrag te onderteken.⁹

Met die voltooiing van die pastorie was dit vir die Land van Waveren 'n ware juweel. Anders as die gewone distrikshuise van daardie tyd is dit U-vormig gebou en het dit ruim in die behoeftes van enige groot leraarsgesin voorsien.

Eenmaal by die voordeur in, kom die besoeker in die klein voorportaal wat met Bataafse stene uitgelê was. In latere jare is dit uitgebreek en op die stoep ingebou. Gedurende ds. W. F. de Vos se amps-termyn, sedert 1935, het sy eggenote gereeld hierdie stene met beesbloed laat bestryk om die natuurlike kleur te behou. Hierdie wenk het sy van mev. Nellmapius, dogter van die bekende lady Beck, gekry. Vandag kan 'n paar van hierdie stene nog gesien word in die paadjie wat na die voordeur lei.

Vanuit die portaal tree die besoeker in die pragtige ruim eetkamer van ongeveer 6m x 12m (20vt. x 40vt.) Hier, met die skerp reuk van nuwe dekriet en donker plafonbalke, sou die predikantsvrou menige verneme en geëerde gaste onthaal. Volgens oorlewering het selfs die Goewerneur en sy gevolg hier aangesit. Uit die eetkamer lei twee groot

6. C. 57: Resolusien van die Politieke Raad, 19 Februarie 1765, p. 196-8.

7. C. 305: Memorien en Rapporten, 1766-1767, p. 21.

8. Tulbagh 6/1: Uitgaande Briewe, 1769-1810; 1862, Kerkraad van Waveren-Kaapse Kerkraad, 15 Januarie 1769.

9. Tulbagh 13/3: Diverse Stukke, 1705-1876; 1935, ongenommerd.

deure na die kombuis en ontbytkamer. Tussen dié twee deurgange vertoon 'n derde deur, maar wat in werklikheid 'n muurkas was. In die oorkantste muur lei twee deure in die slaapkamers in. Tussen hierdie twee deure was die linnekas.

Met drie slaapkamers in die westelike vleuel, nog een langs die voorportaal en 'n vrykamer voor die oostelike hoek van die pastorie, was daar voldoende slaapgeriewe. Voor, aan die westekant, is die studeerkamer met 'n venster wat oor die Saterdagmiddagstilte van Kerkstraat uitkyk. Hier kon die leraar sy geseënde arbeid bepeins en beplan, juis omdat hierdie straat op dié middag vir alle rytuie gesluit was sodat hy ongesteurd kon werk.

Ons kan met sekerheid aanvaar dat die nuwe pastorie nie op die van die ou woning opgerig is nie, want laasgenoemde sou nog aan ds. Harders huisvesting moes bied totdat die bouwerk aan die nuwe huis voltooi was. Dit is onseker waarvoor die ou pastorie ná 1769 gebruik is, maar heelwaarskynlik het dit as buitegeboue diens gedoen.¹⁰

In 1777 het die kerkraad die meublement van die pastorie aangevul deur 'n boekekas, 'n ledekant met sy behangsels, twaalf stoele, 'n tafelasook „chasonnetten” vir die bo-rame te laat maak.¹¹

Om in die vrugbaarheid van Waveren as 'n wyndistrik te deel, is in September 1783 besluit om 'n wynkelder vir die pastorie te laat bou.¹² Dit is voor aan die westekant opgerig en het vir 65 jaar dié funksie vervul.

Tot in daardie stadium was die openbare geriewe in die klein gemeenskappe beperk. Om in een van die behoeftes te voorsien, is ná 1789 'n watermeul by die pastorie opgerig¹³ waar enigiemand teen die betaling van 8 stuiwers (ongeveer 7 sent) per mud sy graan kon kom maal.¹⁴ Hierdie maalgeld „ten behoeve van de kerk” het in 1795 die welkome bedrag van 50 gulde 4 stuiwers (ongeveer R6,68) bedra.¹⁵ Gedurende die volgende 35 jaar is tallose muddens koring hier gemaal om in die daaglikse behoefte van heer en slaaf te voorsien. Periodieke herstelwerk was onvermydelik, maar teen 1825 het dit sulke „aanhoudende uitgaves” meegebring dat die kerkraad gevoel het dat dit nie langer die moeite geloon het nie. Die meul is daarna „publiek ten behoeve van de kerkencas” verkoop.¹⁶

Die instandhouding van die pastorie en ander buitegeboue het die voortdurende aandag van die kerkraad vereis. Gedurende die nat wintermaande as die noordwester die reën genadeloos tussen die diggepakte dekriet indryf, kon die dakke nooit behoorlik droog word nie. As die sonnige weer aanbreek, het die verrotte plekke duidelik getoon; met die gevaar van lekplekke gedurende die volgende reëntyd. Dit was

10. Vgl. J. A. S. Oberholster: *Gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente Tulbagh*, p.23.

11. Tulbagh 1/2: Notule van die Kerkraad, 1771-1806, 6 Julie 1777.

12. Tulbagh 1/2: Notule van die Kerkraad, 1771-1806, 7 September 1783.

13. Tulbagh 1/2: Notule van die Kerkraad, 1771-1806, 20 Junie 1789.

14. Tulbagh 1/2: Notule van die Kerkraad, 1771-1806, 17 Junie 1794.

15. Tulbagh 1/2: Notule van die Kerkraad, 1771-1806, 27 Januarie 1796.

16. Worcester 15/140: Kerkdokumente, 1798-1826, ongenommerd.

die geval in September 1799 toe die dak van die pastorie en die stal grootliks vergaan was en onmiddellike herstelwerk dringend nodig was. Die houtrame was eweneens nie bestand teen wind en weer nie en vir die behoud daarvan is dit gereeld geverf, heelwaarskynlik groen aan die buitekant en bruin aan die binnekant. Ook die binnemure is periodiek geverf en die plafon is soms met lynolie gesmeer. Die toesig oor hierdie werk is gewoonlik aan die kerkraad opgedra, wat dan steeds 'n helpende hand verleen het. As in gedagte gehou word dat die dagloon van 'n skilder ongeveer vier skellings¹⁷ (20 sent) was, het hierdie instandhoudingskoste die kerkraad 'n redelike bedrag jaarliks gekos.

In die lig van die voortdurende herstelwerk aan die bouvallige buitegeboue is in April 1804 besluit om 'n nuwe gebou op te rig wat as bak-, sieke- en slawehuis, „meidekamer”, kalkhok en gereedskapskamer moes dien. Dit sou deur 'n ringmuur ingesluit word.¹⁸ Alhoewel die kerkraad reeds op 2 Maart 1805 besluit het om „tegen den winter” die fondament van dié gebou te laat lê¹⁹ en hulle reeds aan die einde van Julie die goedkeuring van die regering daarvoor verkry het²⁰, is daar eers in 1807 daadwerklik met die bouery begin. Op 12 Maart van daardie jaar is 'n ooreenkoms tussen die kerkraad en Charl Wijnand Theron aangegaan waarvolgens laasgenoemde onderneem het om die buitegeboue op te rig teen betaling van 4 000 Kaapse guldens (ongeveer R532) in drie „Equate Termynen”. Hierdie werk sou teen Januarie 1808 voltooi wees en aan die kerkraad afgelewer word.²¹

Volgens die staat van inkomste en uitgawe vir 1808 is hierdie bouwerk wel bevredigend voltooi, want die volle boukoste is aan C. W. Theron betaal.²² Die buitegeboue was ongeveer 23 meter lank en 6 meter breed (76 voet x 19 voet), van goeie klei gebou op „de daartoe van Metzelklippen Waterpas te maakene Fundamente . . .” Die „legbalken” was van goeie populierhout terwyl die deur- en vensterkosyne van eikehout gemaak is. Die buitemure was ongeveer een meter (drie voet) dik en die middelmure „een steen dikte”. Die hele gebou is binne en buite met klei gepleister en met kalk gewit. Die twee gewels is van goeie gebrande stene opgebou en met kalk gepleister. Daar is ook drie „binnewewels” aangebring, maar aangesien die sketsplan van die gebou ontbreek, is dit nie duidelik waar dié gewels was nie.²³ Twee jaar later is daar besluit om dié gebou met Spaanse riet te laat „solderen”.²⁴

Teen 1812 was herstelwerk aan onder andere die pastorie ook weer nodig, soos die insit van ruite en ander „Timmermans werk”. Die finansiële las op die kerkkas was telkens met sulke werk op hande nogal aansienlik. Behalwe arbeidersloon en uitgawe vir ander materiaal

17. Tulbagh 13/3: Diverse Stukke, 1705-1876; 1935, ongenommerd.

18. Tulbagh 1/2: Notule van die Kerkraad, 1771-1806, 4 April 1804.

19. Tulbagh 1/2: Notule van die Kerkraad, 1771-1806, 2 Maart 1805.

20. Tulbagh 1/2: Notule van die Kerkraad, 1771-1806, 31 Julie 1805.

21. Tulbagh 13/3: Diverse Stukke, 1705-1876; 1935, ongenommerd.

22. Tulbagh 1/3: Notule van die Kerkraad, 1806-1830, 3 Februarie 1809.

23. Tulbagh 13/3: Diverse Stukke, 1705-1876; 1935, ongenommerd.

24. Tulbagh 1/3: Notule van die Kerkraad, 1806-1830, 25 April 1810.

25. Worcester 15/140: Kerkdokumente, 1798-1826, ongenommerd.

moes 'n vrag geelhoutplanke en -balke ook gekoop word wat onderskeidelik 210 riksdalders (R84) en 100 riksdalders (R40) gekos het.²⁵

Wat die versorging van die pastoriegrond betref, het die kerkraadslede vriendelike hulp verleen. So het elkeen volgens sy vermoë 'n stuk van die grond wat aan die pastorie-erf gegrens het, omgeploeg en besaai. Daar was ook die reëling dat elke kerkraadslid met sy arbeiders op 'n bepaalde dag die tuin, boord en lanings by die pastorie sou kom versorg en skoon maak.²⁶

'n Bron van groot bekommernis was nog die kelder onder die pastorie wat heelwaarskynlik as bergplek gebruik is. Die dreineringsmaatreëls met die bou van die pastorie was onvoldoende, sodat die kelder telkens gedurende die reëntyd vol water geword het. Begryplikerwyse het dit groot gevaar, en 'n ongesonde toestand, ingehou. Na aanleiding van die water wat reeds ingeloopt het, het die kerkraad in Mei 1825 besluit om die water te laat uitlei en om daarna die deur en twee vensters van die kelder te laat toemessel ten einde verdere skade te voorkom.²⁷ Ten spyte hiervan het die water in die kelder tot in die tagtigerjare 'n lastige probleem gebly.

Algaande het die kerkraad meubels en ander gebruiksartikels vir die pastorie aangekoop. Ná die dood van ds. Kircherer in 1825 het dit geblyk dat hierdie kerklike eiendom uit die volgende bestaan het: 1 bladtabel, 2 teetafels, 1 tafel met 'n groen kleed wat vir kerkraadsvergaderings gebruik is, 'n kombuistafel, 24 stoele waarvan 4 stukkend was, 16 gordyne waarvan 10 „ophaalder“-gordyne was, 2 ledekante, 'n klokkie, 'n boekekas en rak, verdere rakke van die „despans” en huis-kelder asook 'n kloklantern. Totdat die nuwe leraar kom, is verantwoordelike toesig oor die pastorie en dié kerklike eiendom aan ene Mohr opgedra; as vergoeding waarvoor hy 'n stuk grond ontvang het om te besaai.²⁸

In November 1825 het die nuwe leraar, die bekende dr. George Thom, sy intrek in die pastorie geneem. As 'n man van deeglikheid en goeie insig was hy nie met die toestand van die kerklike geboue, veral dié van die kerk en pastorie, tevrede nie. Hy het beslis nie die pastorie en ander geboue „in a state of complete repair” aangetref nie. Intendeel, dit het geblyk dat groot skade heel waarskynlik gedurende die volgende winter aangerig sou kon word. Sou dit wel gebeur, sou hy nie van alle verantwoordelikheid onthef kon word nie en dit wou hy nie graag hê nie. In hierdie ernstige trant het hy dan op 14 Maart 1826 'n brief aan Trappes, Politieke Kommissaris in Worcester, gerig waarin hy versoek dat die kerklike geboue op Tulbagh behoorlik geïnspekteer moes word. Dr. Thom het aan die hand gedoen dat 'n gekwalifiseerde messelaar in diens geneem moes word om 'n volledige verslag oor die nodige herstelwerk op te stel. As slotgedagte het die leraar genoem dat daar in elk geval tweejaarliks na die toestand van

26. Tulbagh 1/3: Notule van die Kerkraad, 1806-1830, 11 Julie 1815.

27. Tulbagh 1/3: Notule van die Kerkraad, 1806-1830, 21 Mei 1825.

28. Tulbagh 1/3: Notule van die Kerkraad, 1806-1830, 21 Mei 1825.

dié geboue omgesien moes word.²⁹

Dit blyk nie duidelik om watter redes daar nie aan hierdie dringende versoek voldoen is nie. Gevolglik is die verwagte omvangryke skade tydens die reëntyd aangerig. Op 9 September 1826 skryf dr. Thom dus weer aan Trappes; hierdie keer om hom oor die skade in te lig en dit te beklemtoon dat die toestand baie ernstig sal word indien behoorlike herstelwerk nie betyds aangepak word nie. Ene Mocke van Kaapstad het reeds 'n voorlopige opname gedoen en volgens hom was daar veel meer werk nodig wat sou meebring dat die aanvanklike beraming van die kerkraad op 2 000 riksdalders (R800) baie maklik verdubbel sou kon word. Om krag te verleen aan sy eis dat die kerkeiendomme weer 'n keer opgeknop moes word, het hy genoem dat die gemiddelde herstelkoste van die voorafgaande ses jaar ongeveer 800 riksdalders (R320) jaarliks bedra het.³⁰

Die kerkraad het hierna tenders vir die herstelwerk aan die pastorie ingewag. Reeds genoemde Mocke het 3 600 riksdalders (R1 440) en ene P. F. Theron het 3 400 riksdalders (R1 360) opgegee. Blykbaar is laasgenoemde aanvaar en 'n uitvoerige ooreenkoms is in verband met die werk opgestel. Hieruit blyk dit dat die pastorie van die nok tot die kelder, van die voorstoep tot die agterste klipstoep nagesien moes word.

Waar dit nodig was, is die dak oorgedek. Die solderdeur by die hysbalk in die westelike vleuel is toegemessel, alle huisdeure is nagesien en die koperrolle in die skuiframe is vervang. Die binnemure is afgekrap en weer met „goede schulpe kalk” gewit, terwyl die plafonne afgewas en met lynolie gesmeer is. Ou voë in die vloere is uitgekrap en opnuut met gietkalk opgepul. Die houtwerk aan die voor- en agterkant is met die bestaande kleure oorgeverf en die vensterrame is van binne bruin geverf. Die pilare op die voorstoep is herstel. Die agterste klipstoep is opgebreek waar dit gesak het en weer gelyk gemaak. Die vloer van die huiskelder is opgepul sodat die water, wat nog steeds daar ingeloo het, in die watersloot uitgelei kon word. Die dak van die wynkelder is op die swak plekke herstel, ander kleinere herstelwerkies gedoen en die mure en buite ook mooi afgewit.³¹

Netjies en wit teen die blou van die Winterhoekberge het die pastorie en wynkelder weer eens in 1827 vertoon en niemand sou maklik kon raai dat eersgenoemde reeds vir 57 jaar in gebruik was nie. 'n Kosbare ou woning inderdaad, maar daar is nog steeds geen behoorlike voorsorgmaatreëls teen brand getref nie. In Augustus 1829 het die kerkraad dus besluit om 'n brandsolder van klei te laat lê.³² Met groter gemoedsrus en 'n gevoel van veiligheid het die leraarsgesin voortaan op somersaande as die suidooster teen die Winterhoek opjaag, gaan slaap.

Teen die dertigerjare van die vorige eeu het agter die rustige, koel mure van die pastorie ongelukkige toestande ingetree. Reeds in September 1830 was dr. Thom as gevolg van herhaaldelike vlae van krank-

29. Worcester 15/140: Kerkdokumente, 1797-1826, Thom-Trappes, 14.3.1826.

30. Worcester 15/140: Kerkdokumente, 1798-1826, Thom-Trappes, 9.9.1826.

31. Worcester 15/140: Kerkdokumente, 1798-1826, Thom-Trappes, 11.9.1826.

32. Tulbagh 1/3: Notule van die Kerkraad, 1806-1830, 1 Augustus 1829.

sinnigheid in so 'n beklaglijke" toestand dat hy na Kaapstad vertrek het. 'n Opsigter oor die pastorie in die persoon van Marthinus Keet is dus nou aangestel om dit „voor ongeregheden te bewaken”.³³ Die toestand van die leraar het geensins verbeter nie. Alhoewel hy teruggekeer het na Tulbagh, kon hy nie sy werk voortsit nie. As 'n gulhartige gebaar het die kerkraad in November 1832 besluit om een van die buitekamers van die pastorie as 'n siekekamer in te rig om hul eertydse predikant daar te laat verpleeg en oppas tot tyd en wyl 'n plaasvervanger sou kom.³⁴ Min kon hulle weet dat die ou gebou vir die volgende paar jaar in stilte sou wag op nuwe voetstappe in die ruim en koel vertrekke.

Die aanstelling van ds. R. Shand as leraar in 1834 was die begin van 'n ongelukkige hoofstuk in die gemeente se geskiedenis. Heel vroeg in sy bediening het hy geweier om die kinders van verskeie lidmate te doop op grond van sy oortuiging dat nie net 'n christelike belydenis nie, maar ook 'n onbesproke lewenswandel van lidmate hulle toegang tot die bediening van die sakramente kon gee. Daardeur is 'n uitgerekte geskil begin as gevolg waarvan ds. Shand aan die begin van 1836 tydelik deur die Ring geskors is. Nadat hy egter tot beter insigte gekom het, het die Sinode besluit dat hy weer as leraar van Tulbagh herstel moes word. Toe goewerneur Benjamin D'Urban hierdie reëling nie wou goedkeur nie, het 'n regstreekse konfrontasie tussen Kerk en Staat gevolg, wat eers aan die einde van dié dekade opgelos is.³⁵ Die stryd wat hierdeur ontstaan het, het uitgeloop op 'n skeuring in die gemeente met die afstigting van die Kruisvallei-gemeente in 1843.

As gevolg van hierdie omstandighede wou ds. Shand nie die pastorie berek nie, met die gevolg dat die toesig oor die huis en terrein voortgesit moes word. Dit is sedert Februarie 1832 deur Jacobus Jooste waargeneem. Totdat die herstelwerk aan „een der buiten gebouwen”, wat as woning vir Jooste en sy gesin moes dien, voltooi sou wees, het hy in die agterste gedeelte van die pastorie ingetrek en die kombuis gebruik.³⁶

Vir 5½ jaar het geen voetstap die blink geelhoutvloere betree, geen dank- en smeekgebed om die huisaltaar opgeklink nie en het die stille bepeinsing in die studeerkamer 'n doodse stilte geword.

Ná die skikking van die saak in verband met die pastorie in die hooggeregshof en uitspraak ten gunste van bewoning deur ds. Shand gegee is, het kerkraadslid De Vaal op 25 Mei 1841 die sleutel aan die leraar oorhandig.³⁷ Sedert 1 Junie is hortjies, vensterrame en deure weer eens oopgemaak sodat vars lug die ruimtes opnuut gevul het.

Sedert die brandsolder van klei in 1829 gelê is, is vir feitlik die volgende 20 jaar geen noemenswaardige veranderinge aan die pastorie aangebring nie, behalwe die gereelde instandhoudingswerke. Die deure

33. Tulbagh 1/4: Notule van die Kerkraad, 1830-1838, 18 September en 25 Oktober 1830.

34. Tulbagh 1/4: Notule van die Kerkraad, 1830-1838, 18 November 1832.

35. B. Booyens: *Kerk en Staat, 1795-1843*, p.135-7. Argiefjaarboek, 1965, deel II.

36. Tulbagh 1/4: Notule van die Kerkraad, 1830-1838, 15 Februarie 1836.

37. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1891, 6 Julie 1841.

en vensters is periodiek met „spaansche groen” en „gemeen groen” geskilder, terwyl die studeerkamer ook steeds netjies geverf moes wees. So dikwel as wat „uitwendige Reparation” nodig was, het die „gesamentlike Broederen” vir die benodigde dekstrooi gesorg sodat die dak weer behoorlik „uitgestopt” kon word. Die „watergoot over de revier” agter die pastorie is in 1836 deur Tobias Wiese van uitgeholde „goede en suffisante eike bomen” gemaak,³⁸ en moes periodiek nagesien word. Ook die heining om die werf moes soms met pale toegemaak word om die vee uit te hou.

Teen die veertigerjare was daar ’n besliste behoefte in die gemeenskap aan ’n skoolgebou. Hierdie omstandighede het die leraar beweeg om in April 1847 voor te stel dat die wynkelder by die pastorie onverwyld ingerig moet word sodat „dank- en bedestonden” daarin gehou kon word, en om as ’n skoolgebou te dien. Hierdie voorstel is eenparig deur die kerkraad aanvaar. Om die onkoste te bestry, sou „bijzondere collecten” by die aanderedienste gehou word. ’n Oproep tot bydraes sou ook aan ander gemeentes gedoen word. Intussen is ’n voorskot van nie meer as 200 riksdalders (R80) nie uit die kerkkas toegestaan sodat daar dadelik met die werk begin kon word.³⁹

Die reaksie van die gemeenskappie sowel as die van ander buurte was gulhartig. Benewens plaaslike skenkings vir die skool, soos ’n „kroon voor de kaarsen” deur Pieter Keet, 40 kerse deur W. Zulch en vet vir nog 48 kerse deur mej. H. F. Conradie, ’n houttrap deur M. G. Keet en selfs ’n klok deur die weduwee Zulch en haar twee seuns⁴⁰, is ’n totale bedrag van ongeveer 682 riksdalders (R272) by wyse van kollektes by die dienste en private bydraes in onder andere die Bokkeveld ingesamel.⁴¹

Daar is fluks gevorder met „het in Order brengen van het Schoolgebouw en Oefeningshuis”. Ambagsmanne en handlangers is gehuur; 61 vragte klei en klip moes aangery word; deure, vensters, kosyne, blindings, ’n predikbank”, 20 banke met leunings, drie groot tafels en ’n lessenaar moes gemaak en netjies geskilder word; en soveel as 96 ruite moes ingesit word. Eindelik was alles gereed en op die eerste Sondag van Mei 1849 is die skoolgeboutjie ingewy⁴², by geleentheid waarvan die bedrag van 34 riksdalders (R13,60) met ’n kollekte ingesamel is.

As ’n blyk van erkenning en dank vir die belangstelling en ondersteuning het die kerkraad op 8 Oktober besluit om op „den eerstkomende voorbereidingsdag” ’n kort finansiële verslag van die bouwerk aan die gemeente voor te lê. Daarvolgens het dit geblyk dat die totale uitgawe 1 043 riksdalders (R417) bedra het, waarvan nog ongeveer R139 nie ingesamel is nie.⁴³

Teen die middel van die vyftigerjare was dit nodig om die skool-

38. Tulbagh 1/4: Notule van die Kerkraad, 1830-1838, 5 Maart 1836.

39. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1891, 5 April 1847.

40. Tulbagh 13/3: Diverse Stukke, 1705-1876; 1935, ongenommerd.

41. Tulbagh 13/3: Diverse Stukke, 1705-1876; 1935, ongenommerd.

42. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1891, 9 April 1849.

43. Tulbagh 13/3: Diverse Stukke, 1705-1876; 1935, ongenommerd.

gebou te vergroot, maar middele daartoe het ontbreek. Om die steeds knaende probleem van fondse te probeer oplos, het die kerkraad in Oktober 1855 besluit om „intekeningslysten” op te stel met die vertroue dat die benodigde geld voorsien sou word.⁴⁴

Gedurende hierdie jare het die kerkraad nog nie die eiendomsregte op die kerkgrond besit nie. Om finaal uitsluitel hieroor te kry, is op ’n gekombineerde kerkraadsvergadering van 9 Julie 1849 ’n kommissie benoem om al die moontlike dokumente met betrekking tot hierdie saak te versamel en te bestudeer. Daarna moes ’n „memorie” aan die goewerneur gerig word „verzoekende om wettig transport van gem. grond.”⁴⁵ Hierdie versoek is gunstig oorweeg sodat ds. Shand op 5 Januarie 1852 die oordragstukke van die grond waarop die kerk en die pastorie gestaan het, in die kerkraadsvergadering ter tafel gelê het. Daavolgens het die regering ’n skenking van 10 morges, 311 vierkant roede en 110 vierkant voet aan die kerkraad gemaak. Die enigste onkoste aan hierdie grondsak verbonde, was die opmetingskoste van £27.5s (omtrent R54) wat uit die kerkkas betaal is. Om hierdie koste te delg, is ’n gedeelte van dié grond as erwe op ’n openbare veiling verkoop⁴⁶ wat meer as £250 (ongeveer R500) opgelewer het.⁴⁷

Soos gewoonlik was daar gereelde opknappingswerk aan die pastorie nodig. Soms het die leraar self die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar deurdat hy die kleinere werkies, soos herstelwerk aan die houtrame, deur ’n skrynwerker laat doen het. In ander gevalle het die kerkraad gesorg dat die werk gedoen word deur dit aan ’n verantwoordelike kerkraadslid op te dra. Gedurende die laat vyftigerjare en die begin van die volgende dekade het kerkraadslid Niehaus hierdie plig op hom geneem.

Die pastorie was nou amper ’n eeu in gebruik en ernstige skade, veral tydens die nat, stormagtige winterweer, was nooit uitgesluit nie. Gedurende die nag van 9 Augustus 1862 het die gewel en ’n groot gedeelte van die symure van die kombuis ingestort. Daar is dadelik alles in die werk gestel om dit te laat herstel; boonop teen ’n beraamde koste van ongeveer £100 (R200), wat ook ander herstelwerk ingesluit het.⁴⁸ Pogings is voorts aangewend om te voorkom dat die pastoriegrond telkens deur die Malkopsrivier verspoel word. Daartoe is aan kerkraadslid Malherbe opgedra om die loop van dié rivier waar dit aan die pastorieterrein grens, skoon te maak.⁴⁹

Die instandhoudingskoste en herstelwerk ná ’n storm soos dié van 1862 het hoë eise aan die gemeente se finansiële bronne gestel. Om hierdie toestand in ’n mate te verlig, het die kerkraad in 1872 die pastorie en ander buitegeboue vir £250 (ongeveer R500) laat verseker.⁵⁰

Sedert die einde van die sewentigerjare is verskeie veranderinge en moderniserings aangebring. Tot hulp van die leraarsvrou het die kerk-

44. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1891, 8 Oktober 1855.

45. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1891, 9 Julie 1849.

46. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1852, 5 Januarie 1852.

47. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1852, 28 Maart 1853.

48. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1852, 5 Januarie 1863.

49. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1852, 8 Oktober 1866.

50. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1852, 5 Oktober 1872.

raad in Oktober 1879 besluit om 'n stoof in die kombuis te plaas.⁵¹ Vir 15 jaar het dit sy doel gedien totdat dit in 1894 vervang moes word.⁵² In 1882 is veranderinge aan die voorste gedeelte van die huis in die vooruitsig gestel. Hierdie werk was van so 'n omvang dat die kerkraad besluit het om op 5 Augustus 'n gemeentevergadering te belê ten einde goedkeuring vir dié werk te verkry.⁵³ Nadat hulle daartoe gemagtig is, is besluit om gedurende November, wanneer die leraar afwesig sou wees, met die werkery te begin. Watter veranderinge aangebring is en waarom die uitvoering daarvan vertraag is, is onbekend, maar dit is heel waarskynlik eers aan die begin van 1884 afgehandel. In April van daardie jaar het die kerkraad besluit om die ongebruikte vloerstone teen 1s. 3d elk (ongeveer 12½c stuk) te verkoop.⁵⁴

Af en toe hierna moes kleinere werkies steeds aangepak word. Nuwe pype na die badkamer is gelê⁵⁵ en die agterstoep is met sement "geplaveien".⁵⁶ In 1899 het ds. Büchner die kerkraad se aandag op 'n aantal noodsaaklike herstelwerkies aan die „inwendige van de woning” gevestig.⁵⁷ Hierdie is dan ook spoedig afgehandel.

Met verloop van tyd het dit nodig geword dat aandag ook aan die dak van die pastorie geskenk moes word. In Januarie 1892 het die kerkraad dan besluit om die hele dak te laat vervang en dat terselfdertyd die nodige werk aan die binne- en buitekant van die gebou gedoen sou word.⁵⁸

Twee jaar later het ds. Büchner op eie inisiatief 'n „verandah” op die stoep van die pastorie laat oprig. Van die £53 wat dit gekos het, het hy £20 gekollekteer en die res self betaal.⁵⁹

Tot aan die einde van die tagtigerjare het die kelder onder die pastorie 'n lastige probleem gebly. Met die winterreën van 1888 byvoorbeeld het dié ruimtes weer eens vol water geloop⁶⁰ sodat groot ongerief en ernstige skade veroorsaak kon word. Alhoewel die kerkraad reeds in Julie van daardie jaar ter plaatse ondersoek ingestel het, is daar eers in Oktober van die volgende jaar besluit om 'n „riool” aan die „bovensyde” van die pastorie te laat grawe sodat 'n beter „draineering” van die kelders bewerkstellig kon word.⁶¹

In die lig van die groot bedrae wat reeds in die pastorie en ander buitegeboue belê is en die moontlikheid van ernstige skade met gevolglike hoë herstellkoste, het die kerkraad in Julie 1888 besluit om die aanvanklike versekeringsbedrae van dié kosbare kompleks te verhoog deur die pastorie vir £300, die kapel vir £25 en die stal en waenhuis

51. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1852, 11 Oktober 1879.
52. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 15 Januarie 1894.
53. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1881, 1 Julie 1882.
54. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1891, 12 April 1884.
55. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1891, 5 Januarie 1885.
56. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 3 Julie 1893.
57. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 3 April 1899.
58. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 11 Januarie 1892.
59. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 15 Januarie 1894.
60. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1891, 2 Julie 1888.
61. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1891, 7 Oktober 1889.

gesamentlik vir dieselfde bedrag te laat verseker.⁶² Terloops, vir die eerste keer is op hierdie tydstip na die eertydse wynkeldertjie as die kapel verwys. Met die aanbreek van die 20ste eeu het die waarde van eiendomme die hoogte ingeskiet sodat die kerkraad aan die begin van 1914 die pastorie vir £1 000 laat verseker het.⁶³

Die wending van die eeu het verskillende moderniserings vir die predikantswoning meegebring. Reeds in Januarie 1898 is 'n kerkraads-kommissie benoem wat na die aanlê van drinkwater moes omsien.⁶⁴ Presies waar hierdie gerief aangebring is, is onduidelik. Gedurende 1913 is 'n opgaartenk aangebring waaruit die toevoer na die huis gelei is, maar nie sonder die probleem dat daar tog telkemale 'n gebrek aan water in die huis was nie. Dan was dit eers weer nodig dat die betrokke kommissie na die hele stelsel van pype en toevoer uit die tenk moes ondersoek instel.⁶⁵ Vroeg in die twintigerjare is die geriewe aangevul deurdat 'n wasbak en kraan in die kombuis geïnstalleer is.⁶⁶

Gedurende 1909 het die kerkraad van Tulbagh ondersoek ingestel na die moontlikheid om die kerkgebou doeltreffend te belig. Die aangewese kommissie het aanbeveel dat asetileen, 'n kleurlose gas wat uit kARBIED en water verkry word, gebruik sou word. Ds. Bam het die kommissie gespreek in sake die moontlikheid dat ook die pastorie by hierdie uitbreidings betrek kon word. Hy was selfs bereid om die rente op die geld wat die kerkraad miskien vir hierdie werk sou moes leen, te betaal. Ná oorleg is daar besluit dat aan die leraar se versoek voldoen sou word sowel as ook om die kapel by hierdie projek in te sluit.⁶⁷

Tot aan die begin van 1915 het die predikant self die onkoste van die kARBIED gedra. Daarna het die kerkraad dié bedrag betaal.⁶⁸ Met die ontketening van die bloedige wêreldstryd in 1914 is 'n skaarste aan veral brandstof ondervind sodat genoegsame hoeveelhede kARBIED moeilik bekombaar was; veral teen die einde van die oorlog. In hierdie omstandighede is die getroue ou lampe weer eens van die solder afgehaal en met olie gevul. Met die beëindiging van die oorlog en die betreklike normalisering van toestande was kARBIED egter weer teen £45 (ongeveer R90) per ton beskikbaar.⁶⁹

Met die vertrek van ds. Bam uit die gemeente in 1915 het die kerkraad besluit om 'n telefoon in die pastorie te laat plaas eers nadat die volgende leraar sy intrek geneem het.⁷⁰

Benewens die instandhouding van die pastorie het die kerkraad met

62. Tulbagh 1/5: Notule van die Kerkraad, 1840-1891, 2 Julie 1888.

63. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 5 Januarie 1914.

64. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad 1891-1925, 10 Januarie 1898.

65. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 6 Januarie en 24 Maart 1913.

66. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 8 Oktober 1923.

67. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 21 Junie 1909.

68. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 11 Januarie 1915.

69. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 1 Oktober 1917, 14 Januarie 1918 en 14 Julie 1919.

70. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 12 April 1915.

sorg oor die stuk grond wat daarby behoort het, gewaak. Reeds vroeg in die eeu is daar 'n steenmasonry in die vlei opgerig waardeur die loop van die rivier sodanig verander het dat dit skade aan die pastoriegrond aangerig het. Daar is toe gevolglik besluit om die munisipaliteit te versoek om die nodige te doen ten einde verdere skade te voorkom.⁷¹

Veral gedurende die reëntyd het dit dikwels gebeur dat nie slegs die pastoriegrond wat aan die Kromrivier gegrens het, verspoel is nie, maar dat by geleentheid selfs die pad deur die rivier erg beskadig is. Om laasgenoemde probleem te probeer voorkom, het die munisipaliteit sekere werk aan die rivierloop beoog, maar dit het meegebring dat ook op die grond van die pastorie gewerk sou moes word. Ten spyte van herhaaldelike ontmoetinge van die munisipaliteit en die kerkraad kon die twee partye geen ooreenkoms met betrekking tot die voorgestelde werk bereik nie. Telkens het die kerklike kommissie beswaar gemaak teen die groot skade wat aan die pastoriegrond aangerig sou word. Met 'n spesiale kerkraadvergadering gehou op 17 Oktober 1914 — vir die eerste keer in die kapel — is finaal besluit dat die voorstel van die munisipaliteit nie aanvaar kon word nie. Op hulle beurt het die raad voorgestel dat die dorpsowerheid die deskundige raad van 'n ingenieur moes inwin oor hoe die rivier gelei sou kon word sodat die toekomstige skade aan kerklike en munisipale eiendom tot die minste beperk sou word. Die kerkraad was bereid om die helfte van dié raadgewer se „honorarium” te betaal.⁷² Dit is onbekend hoe en wanneer hierdie geskil finaal besleg is.

Die gewone instandhoudingswerk aan die woning het nooit agterweë gebly nie en die betrokke kommissies het pligsgetrou na hierdie take omgesien. Soms is ook 'n buitengewone werkie afgehandel soos toe daar „tot satisfactie van de pastorie” 'n muur tussen die huis en die twee buitegeboue opgerig is.⁷³ Teen die middel van die twintigerjare was dit nodig om weer die slegste gedeeltes van die dak te laat dek.⁷⁴

Vir die volgende kwarteeu het verskillende leraarsgesinne verblyf in dié ou woning gevind. Periodiek is kleiner of groter veranderinge aan die gebou aangebring. In 1943 met die 200-jarige bestaan van die gemeente het die pastorie 'n verandah wat die hele lengte van die voorstoep beslaan het, gehad.⁷⁵ Met verloop van tyd het die besef gegroei dat hierdie ou woonhuis 'n ware juweel geword het; veral in die tyd toe die oue in toenemende mate vir die nuwe en moderne moes plek maak.

Teen die helfte van die eeu het verskillende stemme ten gunste van restourasie, wat die gebou weer in sy oorspronklike vorm sou herstel, opgeklink. Die destydse Historiese Monumentekommissie het dan ook 'n brief aan die kerkraad gerig waarin vriendelik versoek is dat die woonhuis as onvervangbare volksbesit behou moes word.

71. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 8 April 1901.

72. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 6 Oktober 1913, 5 Januarie, 21 September en 17 Oktober 1914.

73. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 7 Oktober 1918.

74. Tulbagh 1/6: Notule van die Kerkraad, 1891-1925, 14 Januarie 1924.

75. Vgl. foto teenoor titelbladsy in: Oberholster: *Gedenboek* . . .

In April 1950 het die Pastoriekommissie, onder voorsitterskap van mnr. Hennie Theron, gevolglik by die kerkraad aanbeveel dat die ou woning so na as moontlik aan sy oorspronklike staat herstel moes word en dat die hele saak aan die breë kerkraad of 'n gemeentevergadering voorgelê moes word. In November het die kerkraad met een teenstem besluit om met hierdie aanbeveling voort te gaan.

Deskundige raad en hulp was nou 'n noodsaaklike vereiste vir die uitvoering van hierdie groot taak. Dr. Mary Cooke, Kuratrise van die Swellendamse Drostyd, het die Boukommissie met vriendelike raad en deeglike vakkennis bygestaan, terwyl die bekende argitek van Stellenbosch, mnr. J. B. Collins, sy dienste gratis beskikbaar gestel het op voorwaarde dat die restaurasie die oorspronklike staat van die gebou sou handhaaf. Die direksie van die K.W.V. het ingewillig dat die bouwerk onder leiding van hulle amptelike bouer, mnr. Swanepoel, uitgevoer kon word.

So is daar begin om die pastorie van die pleisters van baie dekades tot feitlik op die raamwerk te stroop.⁷⁶ Van die dak tot die vloer, van verandah tot agterstoep is geen moeite ontsien nie met die uitsluitlike doel om die pragtige eenvoud van die oorspronklike gebou te herwin, maar om tog ook 'n gerieflike woonhuis daar te stel. Dit was veral die voorste en middelste gedeelte wat omgebou is. In die plek van die vier kamers aan die voorkant is 'n groter portaal met twee groot vertrekke aan weerskante geskep. Dit ruim eetkamer is verander tot 'n kort dwarsgang met 'n uitgang na die agterstoep tussen twee slaapkamers deur. In die westelike vleuel is badgeriewe ingerig met die studeerkamer wat op die agterstoep uitgaan. Die voorste verandah is verwyder sodat die eenvoudige maar indrukwekkende front sterk vertoon. Oor al die vertrekke is 'n betonbrandsolder gelê en nuwe geelhoutvloere is ingesit. Ongelukkig is sommige van die plafonne geskilder. Baie moeite is ook gedoen om geskikte materiaal te vind. So is in die voorportaal twee muurkassies ingebou wat uit die ou Volgelvlei-opstal gehaal is. Die oorspronklike voordeur is as kombuisdeur gebruik.

Met die voltooiing van hierdie restourasiewerk was almal dit eens dat die kerkraad van 1950 'n besonder grootse taak onderneem het. Gemeente en volk sal hulle steeds daarvoor dankbaar bly. Dit was 'n moedige en wyse besluit, aangesien dié werk 'n dekade of wat later beslis 'n ontmoedigende bedrag sou gekos het.

In sy sierlike eenvoud met die klein kapel langsaan het die pastorie vir die volgende twee dekades sy eeu-oue rol vervul. Verskeie leraarsgesinne het gekom en gegaan, maar daar is geen verdere veranderinge aan die woonhuis aangebring nie.

In 1969 was die pastorie 200 jaar oud en, sover bekend, die oudste bewoonde predikantswoning in Suid-Afrika. Onder die entoesiastiese leiding van die leraarspaar, ds. en mev. H. A. A. Lambrechts, is 'n feestelike herdenkingsprogram vir die naweek van 11 en 12 Oktober

76. In die woonhuis van Mont Rouge, die plaas van mnr. C. P. du Plessis in die Tulbaghse distrik, hang 'n waterverfskets deur Pierneef wat die vooraansig van die pastorie vóór die restaurasie toon.

gereël. Met die oog hierop is 'n ringmuur met sierlike gebolde pilaar-koppe om die voorkant van die pastorieterrein opgerig. Daardeur is die hele kompleks tot 'n netjiese en indrukwekkende eenheid afgesluit. Met groot sorg is 'n leesprogram beplan waaraan verskeie oud-leraars sou deelneem, terwyl die feesboodskap deur dr. J. S. Gericke, destydse Moderator van die Kaapse Sinode, gelewer sou word. Hierdie feestelike hede sou die Sondagoggend met 'n wydingsdiens, gelei deur ds. W. C. de Swardt as oud-leraar, afgesluit word.

Op 29 September kort ná tienuur die aand is al hierdie beplanninge egter verongeluk toe o.a. die pastorie sodanig deur die aardbewing wat veral Tulbagh, Wolseley en Ceres ernstig getref het, beskadig is dat daar besluit is om die beoogde feesviering af te stel.

Met gelowige volharding het die kerkraad, onder die besielende leiding van ds. Lambrechts, die herstelwerk aan die pastorie, kapel en buitegeboue aangepak. Mnr. J. G. Roux van Franschoek het met kundige vaardigheid die bouwerk met 'n span vakmanne onderneem, terwyl mnr. Collins van Stellenbosch weer, soos in 1951, met gesag as argitek opgetree het saam met die ingenieur, mnr. Truter, van Kaapstad.

Danksy hierdie gewaardeerde vakkundige hulp en leiding, die volgehoue belangstelling van die hele gemeenskap van Tulbagh sowel as vanuit baie ander oorde kon die kerkraad die geboue op die pastorieterrein tot hulle vorige waardigheid laat herstel sodat die leraarsgesin in Oktober 1970 weer hulle intrek kon neem.

Die pastorie is die trotse erfenis van 200 jaar en inderdaad 'n onvervangbare kleinood wat tot die historiese geboue van die Republiek toegevoeg is.

A. Appel.